**Skriflesing: Johannes 20 vers 1 tot 25**
**Tema: Die leë kruis roep ons op tot 'n keuse**

Wat beteken die leë kruis vir jou…? Kom ons klim in die skoene van hulle wat betrokke was by die Here se opstanding en beleef watter verskil dit in hulle lewens gemaak het.

**Ons staan eerste in Petrus en Johannes se skoene.**
Petrus het Jesus drie maal verloën. Johannes, die geliefde dissipel, het by geleentheid gevra om die belangrikste in Jesus se koninkryk wees. Hy het ook maklik die Samaritaanse dorp, wat nie vir Jesus wou blyplek gee nie, veroordeel. Dit is waarskynlik die rede waarom Jesus vir hom en sy broer "manne van die donder" noem. Johannes was die enigste dissipel wat by sy kruisiging teenwoordig was.

Nadat die twee manne gehoor het dat: "hulle die Here uit die die graf weggevat het", het hulle graf toe gehardloop. Toe hulle die doeke sien, het hulle dadelik besef dat die liggaam nie gesteel is nie. Enige persoon wat sy liggaam wou verwyder, sou nie moeite gedoen het om die doek wat om om Jesus se kop was, mooi op te rol en eenkant neer te sit nie. Hulle het gesien en geglo. Waarskynlik het hulle geglo dat Jesus is wie Hy gesê het Hy is. Hulle het geglo dat Hy wel opgestaan het. Maar, lees ons in Joh 20:19: "Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit dood moet opstaan nie." Nadat die dissipels by die graf was, het hulle weer huistoe gegaan. Later sou die Here hulle kragtig gebruik, maar nou het hulle net huistoe gegaan.

Daar is te veel van ons as kerk wat glo dat Jesus opgestaan het en ons geloof eindig daar. Ons gaan net huistoe. Ons is niks meer as samelopers of toeskouers nie. Ons is nie passievolle deelnemers nie. Ons is nie getuies nie, ons dien nie met ons gawes nie, ons gaan net huistoe.

**Ons staan in Maria Magdalena se skoene.**
Maria is die vrou uit wie Jesus sewe bose geeste gedryf het. Sy het naby aan Jesus geleef en Hom gedien. Sy het kinderlik geglo. Elke keer is as ons haar raakloop, is sy besig om haar dankbaarheid teenoor Hom uit te spel met haar lewe.

Sy was by Jesus se kruisiging. Sondagoggend vroeg is sy waarkynlik met kruie oppad om sy liggaam te gaan balsem. Sy was vas van plan om sy liggaam met die nodige eerbied te behandel na sy dood. Net soos die dissipels het sy nie verwag dat Jesus sou opstaan nie.
Nadat sy die klip weggerol gevind het, het sy dadelik aangeneem dat iemand sy liggaam weggevat het. Sy het dit vir die dissipels gaan vertel.

Daarna is sy terug graf toe. Sy het gehuil by die graf. Toe sy vir die eerste keer in die graf inkyk, sit daar twee engele waar sy liggaam was. Vir die engele sê sy dat sy huil: "omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie." Dit is belangrik om te sien dat sy praat van mý Here. Vir haar is dit persoonlik. Sy het 'n keuse gemaak om Hom te volg.

Sy draai om en sien vir Jesus staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie. In Getsemane het Jesus vir die wat Hom verraai en gevange kom neem het, gevra: "vir wie soek julle?" Nou herhaal Hy sy vraag: "waarom huil jy - vir wie soek jy?"

Hy met met haar praat, maar sy het Hom nie herken nie. Sy het gedink Hy is die tuinopsigter. Maria is verblind deur hartseer en verbystering. Sy het nie verwag om Hom daar te sien nie. Sy soek 'n lyk en nie 'n lewende persoon nie.

Toe Jesus haar naam noem, het sy Hom dadelik herken. Alles het verander. Twyfel verander in sekerheid, hartseer in vreugde, wanhoop in hoop en verlatenheid in nabyheid.
Jesus bevestig aan haar dat Hy ons verhouding met God as Vader kom herstel het. Ons sonde het die verhouding verbreek en afstand gebring tussen ons en God. Deur sy kruisdood en opstanding het Hy ons sonde en dood oorwin. Nou is sy Vader ook ons Vader en sy God ook ons God.

Maria het geleef in 'n tyd waarin vroue eintlik nie gereken is nie. Hulle was tweedeklas burgers. Jesus kom verander dit. Maria is die eerste mens wat Jesus na sy opstanding sien. Sy is die eerste getuie as sy opgewonde vir die dissipels sê: "Ek het die Here gesien."

**Laastens staan ons in die dissipels se skoene.**
Die Sondagaand van Jesus se opstanding is die dissipels bymekaar. Die huis se deure is gesluit, want hulle is bang vir die Jode. Die admosfeer is traag en vreugdeloos. Dan verskyn Jesus aan hulle en groet hulle met: "Vrede vir julle." Hy wys vir hulle dat Hy as die opgestane Here dieselfde persoon is as die gekruisigde Here. Hulle is baie bly as hulle Hom sien.
Hy seën hulle weer met sy vrede en stuur sy dissipels uit: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." En Hy blaas die Heilige Gees oor hulle uit as toeruster en bemagtiger.
Hy stuur hulle uit met sy boodskap. Die Here het opgestaan. Hy het mense se sonde en dood oorwin. Jesus Christus vergewe sonde. Wanneer iemand Hom as Verlosser aanvaar, word sy sonde vergewe. Wie Hom verwerp, sal nie vergifnis ontvang nie.

As Thomas weer by die dissipels aansluit getuig hulle opgewonde: "Ons het die Here gesien!"

Dit is interessant om te sien hoe die dissipels verander van bang manne, na manne wat baie bly is om die Here te sien en uiteindelik na opgewonde getuies. Dit is wat die Here en die Heilige Gees vandag in ons lewens wil doen. Die Here vul ons met die Heilige Gees en stuur ons uit om opgewonde en vreesloos te gaan getuig dat Hy sondes vergewe.

**Afsluiting**
Ons het vanoggend in die skoene gestaan van die eerste getuies van Jesus se opstanding. Voor Hom wat jou tot die uiterste toe liefhet, kan jy nie neutraal staan nie. Neutraliteit is niks anders as die verwerping van die Seun van God nie.
Of Hy is vir jou die Seun van God of Hy is godslasterlik. Hy is die Waarheid of Hy is waansinnig. Of jy volg Hom of jy verwerp Hom.
Voor Hom wat jou tot die uiterste toe liefhet, kan jy nie neutraal staan nie. Jy kniel voor Hom of kruisig Hom, jy hang Hom op of hang jou bestaan aan hom op.Jy laat Hom weer sterf of jy sterf aan jouself sodat Hy in jou kan leef.
**Amen**